

# STAPTOG TERUGVOER

## TRANSKAROO

24 APRIL 2015

---

Op Vrydag 24 April het die tien lede van ons stapgroep stuk-stuk by Wilgerfontein opgedaag en ons tuisgemaak in die ou plaashuis. Nadat 'n vleisie oor die kole gebraai is, het ons vroeg gaan slaap.

Halfagt Saterdagmôre pak ons die 12 km na Uitsigkamp aan. Dit is 'n wonderlike oggend en die vooruitsigte is goed vir wonderlike stapweër die volgende paar dae.

Na 'n rukkie op 'n Jeep-pad, beweeg ons geleidelik in Visserskloof op, verby klippilare en bereik uiteindelik die rotspoel.



Ons verlaat die kloof en volg die roete oor die klipwoestyn en verwonder ons aan die vetplantjies wat by die onwaarskynlikste plekke uitkruip. Ons stap verby Goliat se voet en bewonder die ongelooflike vergesigte.



Ons stap in Kristalkloof af en bereik die ou opstal by Uitsig met sy pragtige populierbos. Braai die aand weer lekker vleis na 'n besoek van Lindo en Elmarie Van der Merwe. Ons gesels lekker en Lindo vertel van die geskiedenis en die uitdagings van die Karooplaas. Die volgende oggend is dit wit geryp en ons pak die 19 km na Weltevrede aan.





Ons volg eers 'n Jeep-pad na bo, sien groewe in die rots wat glo destyds deur ossewaens veroorsaak is en styg geleidelik teen Bakenkop uit vanwaar ons 'n panoramiese uitsig in alle rigtings het.



Na 'n stukkie gemaklike stap, beland ons uiteindelik in Kanferkloof waar ons ons weg boontoe deur en oor groot rotsblokke moet vind. Hierdie tyd van die jaar is dit droog, maar soms is daar ook poele water en stroompies. Uiteindelik lê Weltevrede se huis net om 'n draai. Die plaas is vervalle en van die buitegeboue het net murasies oorgebly.







Die laaste dag is dit net 9 km terug na Wilgerfontein. Die pad gaan verby Boesmantekeninge en dan volg ons die rooivoetpad verby besondere korsmosse. Uiteindelik styg die pad en volg die rand van die plato met 'n ongelooflike uitsig op die vlakte daaronder. Ons stap oor 'n versteende rivierbedding en bereik Wilgerfontein voor middagete ... waarna die groep uitmekaar spat en baie tevrede terug vertrek huis toe. Die natuurskoon van die Transkaroo het ons stoutse verwagtings oortref.

Koos Holtzhausen (een van die stappers)